

Donderdag 15 Junie

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10

Fokusgedeelte: Efesiërs 2:8, 9; HK Sondag 24, Vraag 62

Die onverdienstelikhed van goeie werke

Die leer van die verlossing uit vrye genade sonder enige verdienste van ons kant, wat hierbo aangedui word, was deur die eeue heen nog altyd vir die hoogmoedige sondaar 'n struikelblok. Die mens wil in sy verwaandheid maar altyd soos die Fariseër voor God kom staan en sê: Here, kyk net wat doen ek alles om U te dien (vgl. 14 Junie).

Nou kom God egter en met die leer van die verlossing uit genade alleen, deur die geloof in Christus, sê Hy baie duidelik dat die mens met sy goeie werke geen saligheid of selfs 'n deel daarvan kan verdien nie. Ek sou my saligheid slegs daarmee kon verdien as my goeie werke absoluut volmaak, presies volgens die wet van God en sonder enige sweempie van sonde was. Dan alleen sou God dit kon aanvaar.

Nou help dit nie om te sê: Ek het die hele wet van God onderhou, behalwe enkele klein dingetjies nie. Nee, Jakobus sê die geringste wat ons teen een gebod sondig, maak ons ons skuldig aan almal (Jak. 2:10). Dit is te verstane, want ten diepste is daar net een gebod wat die grondslag en basis van al die ander gebooië vorm, en dit is die liefdesgebod – tot God en tot ons naaste. Daarom maak die oortreding van enigeen van die gebooië my skuldig aan al die ander, want die liefde word daardeur aangetas.

As ek deur goeie werke geregverdig wil word, moet ek in alle eerlikheid kan sê: “Ek het nog nooit iets gedoen wat God verbied nie, ek het nog nooit iets nagelaat wat God gebied nie, ek het nog nooit 'n verkeerde daad gedoen, 'n sondige of ydel woord gebruik nie, en daar het nog nooit 'n sondige gedagte by my opgekom nie. Ek het God altyd bo alles liefgehad en my naaste soos myself. Ek kan dit egter nie sê nie, want met 'n aanhaling uit Psalms 14 en 53 sê Paulus: “Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie” (Rom. 3:12). En Jesaja (64:6) sê dat selfs ons beste werke soos vuil klere is. Ons belydenis is dus reg as dit sê dat selfs ons beste werke onvolmaak en met sonde besmet is. Daarom kan ons goeie werke nooit die rede of grond wees waarmee God ons salig maak nie. Ons word voor God geregverdig nie deur enige goeie werke nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus op grond van sy soenverdienste.